moreleta kerk

sedert 1985

Lees saam: Handelinge 5:17-21, 25, 27-29, 30-33, 40-41

1. Wat leer ons van God in hierdie gedeelte?

2. Wat leer ons van onsself/ander mense uit hierdie skrifgedeelte?

3. 'n Baie sinvolle vraag om te vra, is: Waarom dink jy is hierdie gedeelte in die Bybel?

Bid saam

Ons bid hierdie week:

- Dat dié HG se werking in 2025 meer as ooit in MK sal wees en werk.
- Bid dat elke leier die visie vir die jaar duidelik sal kan uitdra, en elke gemeente lid saam in eenheid sal kan volg.
- Bid dat mense soos magnete getrek word om deel te wees en word van MK.

God het 'n reënboog geverf oor 2025
19 Januarie 2025

Ds. Teodor van der Spuy
teodor@moreleta.co.za

Leer meer / kyk weer

Kliek hier om weer te kyk.

Inleiding

Baie wekom terug in 2025.

Baie dankie dat jy hierdie jaar saam met Moreleta Kerk die pad gaan stap. Kerk is nie kerk sonder 'n kring belewenis nie. Ons gebed vir jou vir die jaar is dat jy regtig diep lief sal word vir die mense in jou kring, dat julle Jesus deur mekaar op nuwe manière sal ontdek en dat jy 'n diep geestelike groei belewenis sal ervaar in 2025. Ons bid ook vir vermenigvuldiging. Dat julle die vreugde van julle kring met selfs nog meer mense in die jaar sal kan deel.
Moreleta Kerk word 40 jaar oud in 2025. Simbolies is dit 'n baie merkwaardige mylpaal. Nie net vir die gemeente nie maar ook deur die loop van die Bybel speel die getal 40 'n belangrike rol in die proses van verandering. 40 gaan gepaard met 'n tyd van toets, vasbyt en vasstaan ten spyte van moeilike omstandighede.

Gesels saam

1.Waar in die Bybel is daar voorbeelde van 40 waaraan julle kan dink?
Hoe gaan die getal 40 'n rol speel in die manier hoe ons gaan kerkwees in 2025?

·Ons gaan die verskillende verhale waar 40 'n belangrike rol speel in detail bestudeer.
·In die kringe gaan ons vanaf Maartmaand met 'n opwindende 40 weke dagstukkie-boek begin om uiteindelik deur die hele Bybel te lees in 40 weke met 40 kern gedagtes.
· Ons gaan as gemeente saam iets vas vir 40 dae.
· Ons gaan onsself voorberei vir 'n tydperk van groot veranderinge omdat na 40 daar altyd 'n tyd van verandering is volgens God se Woord.

Doen saam

Hier is 'n lys van verhale waar 40 'n belangrike rol speel.
1.Noag en die ark. 40 dae en 40 nagte.
2.Moses wat na 40 dae in die woestyn die tien gebooie ontvang het.
3.Goliat wat die Israeliete vir 40 dae lank uitgedaag het.
4.Die Israeliete wat vir 40 jaar in die woestyn was.
5.Jesus wat vir 40 dae aan sy dissipels verskyn het na sy opstanding.
Kies as kring een van die verhale hierbo en gaan soek saam wat verander het in die verhaal na die 40 dae/40 jaar verby is?

_____

_____